5 Glenwoodweg/Road
Lynnwood Glen
0081 Pretoria
Suid-Afrika/South Africa

Posbus/PO Box 72981
Lynnwoodrif/Ridge 0040
Pretoria, Suid-Afrika/South Africa

Tel: +27 12 472 9514
Faks/Fax: +27 86 759 4189
E-pos/E-mail: seedcert@sansor.co.za
Webblad/Website: www.sansor.org

SANSOR®

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE SAADORGANISASIE

SOUTH AFRICAN NATIONAL SEED ORGANIZATION

NPC Reg No 1989/003392/08

SANSOR INSPEKTEUR MAGTIGING

1 Die Gesag (hierna verwys as **SANSOR**) soos aangewys in Artikel 3 (1) van die Suid-Afrikaanse Saadsertifiseringskema ingestel kragtens die Plantverbeteringswet 53 van 1976 (hierna verwys as die **Wet**) en gepubliseer in Goewermentskennisgewing Nr 2566 van 25 November 1983 (hierna verwys as die **Skema**), soos gewysig, magtig hierby:

Volle name en van in drukletters: .....

Magtigingsnommer: .....

Identiteitsnommer: .....

Maatskappy/regsentiteit: .....

Posadres: .....

(hierna verwys as die **Gemagtigde Inspekteur**) om in sy/haar hoedanigheid as **Gemagtigde Inspekteur** van **SANSOR** sekere spesifieke werksaamhede ingevolge die **Skema** uit voer, soos aangetoon op die magtigingskaart uitgereik deur **SANSOR**.

2 Die **Gemagtigde Inspekteur** onderneem om die volgende spesifieke funksies uit te voer en om die volgende verantwoordelikhede na te kom:

(a) om amptelike ondersoeke en inspeksies soos bepaal in die **Skema** uit te voer;
(b) om die vereiste skriftelike dokumente behoorlik te voltooi en volgens die voorgeskrewe tye by **SANSOR** in te dien;
(c) om volledig rekord te hou van alle dokumentasie ingedien by **SANSOR**;
(d) om toe te sien dat op alle voorrade vanaf **SANSOR** van rekord gehou en veilig bewaar word;
(e) om ter enige redelike tyd bereid te wees om beamptes van **SANSOR** behulpsaam te wees tydens hul monitering van hom/haar en die gewasse waarvoor hy/sy gemagtig is;
(f) om deur die bywoning van kursusse en werkswinkels wat deur **SANSOR** aangebied of gereël word en deur gereelde amptelike inspeksies uit te voer, te verseker dat sy/haar kundigheid ten opsigte van die gewasse waarvoor hy/sy gemagtig is behou en uitgebrei word; en

(g) om **SANSOR** sonder versuim in kennis te stel van enige veranderings van adres of werk, of indien die gewasse waarvoor hy gemagtig is nie op 'n gereelde grondslag geïnspekteer word nie, of enige ander relevante inligting wat op die funksies en verpligtinge van die Gemagtigde Inspekteur betrekking het.

3 Die **Gemagtigde Inspekteur** onderneem om op **SANSOR** se versoek redelikerwys behulpsaam te wees met die opleiding en evaluering van kandidaat inspekteurs teen die voorgeskrewe tariewe.

4 Die **Gemagtigde Inspekteur** sal sy/haar funksies en verpligtinge streng volgens die instruksies van **SANSOR**, die voorskrifte van die **Wet** en **Skema**, en die beste praktyke binne die saad bedryf uitoefen.

5 **SANSOR** mag hierdie magtiging wysig deur die **Gemagtigde Inspekteur** skriftelike kennis van sodanige wysiging te gee.

6 **SANSOR** mag die magtiging van die **Gemagtigde Inspekteur** terugtrek of kanselleer indien:

(a) die **Gemagtigde Inspekteur** nie die funksies en verpligtinge uiteengesit in paragraaf 2 nakom nie of onbevoeg is om dit na te kom;
(b) die **Gemagtigde Inspekteur** nie voldoen aan of reageer op die navrae, versoeke en opdragte van **SANSOR** nie;
(c) die **Gemagtigde Inspekteur** die gesag aan hom/haar toegeken misbruik en veral om homself/haarself te verryk of poog om te verryk; en
(d) die **Gemagtigde Inspekteur** in 'n posisie is waar hy/sy geïntimideer of blootgestel kan word aan intimidasie.

7 Tensy gekanselleeer of andersins beeïndig sal hierdie magtiging vir die tydperk waaraan die **Gemagtigde Inspekteur** aan voorgeskrewe vereistes vir magtiging voldoen, en vanaf datum van ondertekening deur **SANSOR**, geldig wees, onderhewig aan paragraaf 13 onder.

8 Hierdie magtiging sal automaties verval indien:

(a) die **Gemagtigde Inspekteur** nie meer in diens van die firma, beslote korporasie of ander regsentiteit na verwys in paragraaf 1 is nie;
(b) die **Gemagtigde Inspekteur** nie meer by saadsertifisering betrokke is nie; en
(c) die firma, maatskappy, beslote korporasie of ander regsentiteit na verwys in paragraaf 1, nie meer lid van **SANSOR** is nie.

9 Indien die magtiging van die **Gemagtigde Inspekteur** verval, gekanselleer, teruggetrek of gewysig word, moet die magtigingskaart aan **SANSOR** binne 14 (veertien) werksdae terugbesorg word.

10 Appél kan teen enige beslissing van **SANSOR** ooreenkomstig die bepalings van Art 32 van die **Wet** aangeteken word.

11 Enige kennisgewing geadresseer deur **SANSOR** aan die **Gemagtigde Inspekteur** en gestuur deur middel van geregistreerde pos in 'n korrek geadresseerde koevert na die posadres in paragraaf 1, sal beskou word as ontvang deur die **Gemagtigde Inspekteur** binne 7 (sewe) dae vanaf die datum waarop dit gepos is.

12 Die **Gemagtigde Inspekteur** het nie die bevoegdheid om **SANSOR** op enige wyse te bind of te verteenwoordig nie behoudens soos in hierdie magtiging bepaal.

13 Onderhewig aan paragraaf 7 hierbo, sal hierdie magtiging slegs geldig wees wanneer die ingeslote vrywarings vorm behoorlik voltooi en onder teken is deur 'n gemagtigde verteenwoordiger van die SANSOR lid in wie se diens die **Gemagtigde Inspekteur** is.

14 Die **Gemagtigde Inspekteur** mag deur **SANSOR** persoonlik aanspreeklik gehou word vir enige skade of verlies voortspruitend uit *male fida* gedrag aan die kant van die **Gemagtigde Inspekteur** wat verband hou, hoe gering ookal, met die aanstelling van die **Gemagtigde Inspekteur** ingevolge hiervan.

_____ _____

TEGNIESE BESTUURDER **DATUM**
SANSOR

_____ _____

GEMAGTIGDE INSPEKTEUR **DATUM**